

THE PROVINCE OF TRANSVAAL

Official Gazette

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRICE: S.A. 10c OVERSEAS 15c

VOL. 221

PRETORIA 14 DECEMBER, 1977
14 DESEMBER 1977

3926

No. 287 (Administrator's), 1977.

PROCLAMATION

by the Director of Roads of the
Province Transvaal.

In terms of section 7(1) of the Advertising on Roads and Ribbon Development Act, 1940 (Act 21 of 1940), and by virtue of the powers delegated to me in terms of section 16 of the said Act, Administrator's Proclamation 14 of 22 January, 1975 in respect of the portion of Provincial Road P172-1 over the farm Willowpark 41-J.O., district of Marico, be withdrawn as from date hereof.

Given under my Hand at Pretoria, on this 3rd day of December, One thousand Nine hundred and Seventy-seven.

L. J. TERBLANCHE,
Director of the Roads Department
of the Province Transvaal.
DP. 08-083-23/21/P172-1 Vol. 2

No. 288 (Administrator's), 1977.

PROCLAMATION

by the Director of Roads of the
Province Transvaal.

In terms of section 7(1) of the Advertising on Roads and Ribbon Development Act, 1940 (Act 21 of 1940) and by virtue of the powers delegated to me in terms of section 16 of the said Act, I hereby proclaim that the public roads described in the schedule attached hereto, shall as from the date hereof, be building restriction roads for the purpose of the said Act.

Given under my Hand at Pretoria, on the 6th day of December, One thousand Nine hundred and Seventy-seven.

S. W. B. BRITS,
Acting Director of the Roads Department
of the Province Transvaal.
DP. 021-41/2

SCHEDULE.

Description of Road

Road
P29-2

The road commences at a point at the Welgedacht-Witbank railway section on the farm Welgedacht 74-I.R., district of Springs, whence it proceeds in a general northerly direction over subdivisions of the farm Welgedacht 74-I.R., district of



DIE PROVINSIE TRANSVAAL

Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

PRYS: S.A. 10c OORSEE 15c

No. 287 (Administrateurs-), 1977.

PROKLAMASIE

deur die Direkteur van Paaie van
die Provincie Transvaal.

Ingevolge artikel 7(1) van die Wet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1940 (Wet 21 van 1940), en ooreenkomsdig die bevoegdhede aan my verleen ingevolge artikel 16 van genoemde Wet, word Administrateursproklamasie 14 van 22 Januarie 1975 ten opsigte van die gedeelte pad wat betrekking het op Provinciale Pad P172-1 oor die plaas Willowpark 41-J.O., distrik Marico, met ingang van die datum hiervan ingetrek.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 3de dag van Desember, Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sentig.

L. J. TERBLANCHE,
Direkteur van die Paaiedepartement
van die Provincie Transvaal.
DP. 08-083-23/21/P172-1 Vol. 2

No. 288 (Administrateurs-), 1977.

PROKLAMASIE

deur die Direkteur van Paaie van die Provincie
Transvaal.

Ingevolge artikel 7(1) van die Wet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1940 (Wet 21 van 1940) en kragtens die bevoegdhede aan my verleen ingevolge artikel 16 van die genoemde Wet, proklameer ek hiermee die openbare paaie beskryf in die bygaande bylae met ingang van die datum hiervan tot boubeperkings-paaie, vir die doel van vermelde Wet.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 6de dag van Desember, Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sentig.

S. W. B. BRITS,
Wnde. Direkteur van die Paaiedepartement
van die Provincie Transvaal.
DP. 021-41/2

BYLAE.

Beskrywing van Pad

Pad
P29-2

Die pad begin by 'n punt by die Welgedacht-Witbank Spoorweg trajek op die plaas Welgedacht 74-I.R., distrik Springs, vanwaar dit in 'n algemene noordelike rigting strek oor onderverdelings van die plaas Welgedacht 74-I.R., distrik Springs,

Road	Description of Road	Pad	Beskrywing van Pad
	Springs, up to a point on the southern boundary of Welgedacht Agricultural Holdings. It then recommences at a point on the northern boundary of the said agricultural holdings on the farm Holfontein 71-I.R., district of Springs, whence it proceeds in a northerly direction over subdivisions of the farm Holfontein 71-I.R., district of Springs, up to a point on the farm Holfontein 71-I.R., district of Springs, where it joins Provincial Road P205-1 (Johannesburg-Witbank), where it terminates.		tot by 'n punt op die suidelike grens van Welgedacht Landbouhoeves en begin weer by 'n punt op die noordelike grens van genoemde landbouhoeves op die plaas Holfontein 71-I.R., distrik Springs, vanwaar dit in 'n noordelike rigting strek oor onderverdelings van die plaas Holfontein 71-I.R., distrik Springs, tot by 'n punt op die plaas Holfontein 71-I.R., distrik Springs, waar dit aansluit by Proviniale Pad P205-1 (Johannesburg-Witbank), waar dit eindig.
P95-2	The road commences at a point on the northern boundary of the municipal area of Delmas on the farm Leeuwpoort 205-I.R., district of Delmas, whence it proceeds in a general northerly direction over subdivisions of the farms Leeuwpoort 205-I.R., Middelburg 231-I.R., Witklipbank 202-I.R. and Waaikraal 556-I.R., district of Delmas, up to a point on the northern boundary of the farm Waaikraal 556-I.R., district of Delmas, where it terminates.	P95-2	Die pad begin by 'n punt op die noordelike grens van die munisipale gebied van Delmas op die plaas Leeuwpoort 205-I.R., distrik Delmas, vanwaar dit in 'n algemene noordelike rigting strek oor onderverdelings van die plase Leeuwpoort 205-I.R., Middelburg 231-I.R., Witklipbank 202-I.R. en Waaikraal 556-I.R., distrik Delmas, tot by 'n punt op die noordelike grens van die plaas Waaikraal 556-I.R., distrik Delmas waar dit eindig.
P167-1	The road commences at a point on the eastern boundary of Mooilande Agricultural Holdings on the farm Boschkop 426-I.R., district of Vereeniging, whence it proceeds in a general north-easterly direction over subdivisions of the farms Boschkop 426-I.R., Sterkfontein 424-I.R., district of Vereeniging, Schikfontein 421-I.R., district of Heidelberg and Schoongezicht 378-I.R., district of Vereeniging, up to a point on the farm Schoongezicht 378-I.R., district of Vereeniging, where it joins Provincial Road P25-1 (Heidelberg-Meyerton); and then terminates.	P167-1	Die pad begin by 'n punt op die oostelike grens van Mooilande Landbouhoeves op die plaas Boschkop 426-I.R., distrik Vereeniging, vanwaar dit in 'n algemene noordoostelike rigting strek oor onderverdelings van die plase Boschkop 426-I.R., Sterkfontein 424-I.R., distrik Vereeniging, Schikfontein 421-I.R., distrik Heidelberg en Schoongezicht 378-I.R., distrik Vereeniging, tot by 'n punt op die plaas Schoongezicht 378-I.R., distrik Vereeniging waar dit aansluit by Proviniale Pad P25-1 (Heidelberg-Meyerton), en dan eindig.
P174-1	The road commences at its junction with Road 034 (Nigel-Kafferskraal) on the eastern boundary of Hallgate Agricultural Holdings on the farm Holgatfontein 326-I.R., district of Nigel, whence it proceeds in a general easterly direction over subdivisions of the farms Holgatfontein 326-I.R., Leeuwenfontein 284-I.R., Potfontein 285-I.R., Langzeekoegat 323-I.R., Palmietkuil 322-I.R. and Nootgedacht 294-I.R., district of Nigel, up to a point on the farm Nootgedacht 294-I.R., district of Nigel, where it joins Provincial Road P36-3 (Devon-Balfour), and then terminates.	P174-1	Die pad begin by die aansluiting daarvan by Pad 034 (Nigel-Kafferskraal) op die oostelike grens van Hallgate Landbouhoeves op die plaas Holgatfontein 326-I.R., distrik Nigel, vanwaar dit in 'n algemene oostelike rigting strek oor onderverdelings van die plase Holgatfontein 326-I.R., Leeuwenfontein 284-I.R., Potfontein 285-I.R., Langzeekoegat 323-I.R., Palmietkuil 322-I.R., en Nootgedacht 294-I.R., distrik Nigel, tot by 'n punt op die plaas Nootgedacht 294-I.R., distrik Nigel waar dit aansluit by Proviniale Pad P36-3 (Devon-Balfour), en dan eindig.

No. 289 (Administrator's), 1977.

PROCLAMATION

by the Director of Roads of the Province Transvaal.

In terms of section 7(1) of the Advertising on Roads and Ribbon Development Act, 1940 (Act 21 of 1940) and by virtue of the powers delegated to me in terms of section 16 of the said Act, Proclamation (Administrator's) 236 of 7 December, 1949, is herewith withdrawn in respect of the portions of Provincial Road

No. 289 (Administrateurs), 1977.

PROKLAMASIE

deur die Direkteur van Paaie van die Provinse Transvaal.

Ingevolge artikel 7(1) van die Wet op Adverteer Langs en Toebou van Paaie, 1940 (Wet 21 van 1940) en kragtens die bevoegdhede aan my verleen ingevolge artikel 16 van genoemde Wet, word Proklamasie (Administrateurs) 236 van 7 Desember 1949, ingetrek ten opsigte van die gedeeltes paaie wat betrekking het op Proviniale Pad P75-1 en Proviniale Pad P67-1 soos

P75-1, and Provincial Road P67-1 described in the Schedule attached hereto as from the date hereof.

Given under my Hand at Pretoria on this 6th day of December, One thousand Nine hundred and Seventy-seven.

S. W. B. BRITS,
Acting Director of the Roads Department
of the Province Transvaal.
DP. 021-41/2

SCHEDULE.

Road	Description of Road.
Public Road (formerly P75-1)	The road commences at its junction with a public road (formerly T13-13, Johannesburg-Potchefstroom) on the farm Klipspruit 298-I.Q., within the municipal area of Johannesburg, whence it proceeds in a general northerly direction over the farms Klipspruit 298-I.Q., district of Johannesburg, and Vogelstruisfontein 233-I.Q., district of Roodepoort, up to a point on the northern boundary of the farm Vogelstruisfontein 233-I.Q., within the municipal area of Roodepoort, where it terminates.
Public Road (formerly P67-1)	The road commences at a point on the north-easterly boundary of portion of Portion 3 of the farm Knoppiesfontein 23-I.R., district of Benoni, whence it proceeds in a general north-easterly direction over Portion 2 of the farm Knoppiesfontein 23-I.R., district of Benoni, up to a point on the south-westerly boundary of Hornsrus Agricultural Holdings on the farm Rietfontein 21-I.R., district of Bronkhorstspruit, where it terminates.

No. 290 (Administrator's), 1977.

PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967) to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby, in respect of Holding 71, situate in North Riding Agricultural Holdings, district Roodepoort, held in terms of Deed of Transfer 13468/1970, alter condition 2(e) to read as follows:

"2(e) Notwithstanding conditions (a) and (d), no store or place of business may be opened or conducted on the holding, except with the written approval of the Administrator and subject to such requirements as he may impose."

Given under my Hand at Pretoria this 14th day of October, One thousand Nine hundred and Seventy-seven.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PB. 4-16-2-416-14

No. 291 (Administrator's), 1977.

PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967)

omskryf in die bygaande Bylae met ingang van die datum hiervan.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 6de dag van Desember, Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sewentig:

S. W. B. BRITS,
Wnde. Direkteur van die Paaiedepartement
van die Provincie Transvaal.
DP. 021-41/2

BYLAE.

Beskrywing van Pad.

Pad
Openbare Pad (voorheen P75-1)
Die pad begin by sy aansluiting by 'n openbare pad (voorheen T13-3, Johannesburg-Potchefstroom) op die plaas Klipspruit 298-I.Q., binne die munisipale gebied van Johannesburg, vanwaar dit in 'n algemene noordelike rigting strek oor die plaase Klipspruit 298-I.Q., distrik Johannesburg, en Vogelstruisfontein 233-I.Q., distrik Roodepoort, tot by 'n punt op die noordelike grens van die plaas Vogelstruisfontein 233-I.Q., binne die munisipale gebied van Roodepoort, waar dit eindig.

Openbare Pad (voorheen P67-1)
Die pad begin by 'n punt op die noordoostelike grens van gedeelte van Gedeelte 3 van die plaas Knoppiesfontein 23-I.R., distrik Benoni, vanwaar dit in 'n algemene noordoostelike rigting strek oor Gedeelte 2 van die plaas Knoppiesfontein 23-I.R., distrik Benoni, tot by 'n punt op die suidwestelike grens van Hornsrus-landbouhoeves op die plaas Rietfontein 21-I.R., distrik Bronkhorstspruit, waar dit eindig.

No. 290 (Administrateurs-), 1977.

PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967) aan my verleent, is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek, met betrekking tot Hoewe 71, geleë in North Riding Landbouhoeves, distrik Roodepoort, gehou kragtens Akte van Transport 13468/1970, voorwaarde 2(e) wysig om soos volg te lees:

"2(e) Notwithstanding Conditions (a) and (d), no store or place of business may be opened or conducted on the holding, except with the written approval of the Administrator and subject to such requirements as he may impose."

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 14de dag van Oktober, Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provincie Transvaal.
PB. 4-16-2-416-14

No. 291 (Administrateurs-), 1977.

PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings 1967; (Wet 84 van 1967)

to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby;

(1) in respect of Erf 4230, situated in Bryanston Township, Registration Division I.R., Transvaal, held in terms of Deed of Transfer 48655/1969, remove the following words in condition (2):

"(2) And subject further to restrictive conditions regarding subdivision of the land, number of dwellings to be erected and the use of the land in favour of the General Public, as will more fully appear from Notarial Deed No. 779/52-S, dated 8 August 1952, and registered on 16 September, 1952."

(2) amend Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme, 1958, by the rezoning of Erf 4230, Bryanston Township, from "Special Residential" to "Special" for the uses as set out in the attached Annexure 212, and which amendment scheme will be known as Amendment Scheme 943 as indicated on the annexed Map 3 and the scheme clauses.

Given under my Hand at Pretoria this 8th day of December, One thousand Nine hundred and Seventy-seven.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PB. 4-14-2-207-20

NORTHERN JOHANNESBURG REGION AMENDMENT SCHEME 943.

The Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme, 1958, approved by virtue of Administrator's Proclamation 228 of 1959 dated 11 November, 1959, is hereby further amended and altered in the following manner:

1. The map, as shown on Map 3, Amendment Scheme 943.

2. Clause 15(a), Table 'D', Use Zone VI Special, by the addition of the following in the respective columns:

(3)	(4)	(5)
() Bryanston Township: Erf 4230: A hospital, maternity home and related services such as doctors' consulting rooms, auxiliary rooms, florist shop, tea room, retail chemist, hairdresser, related offices and a crèche.	any other uses.	

3. Clause 15(a), Table 'DA', by the addition of the following in the respective columns:

(2)	(3)
Bryanston Township: Erf 4230.	212

4. Clause 5, Table 'A' by the addition of the number 605 to Column 1, Part 1.

5. By the addition of Plan 212 to the Annexure.

aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem, te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek;

(1) met betrekking tot Erf 4230, geleë in die dorp Bryanston, Registrasie Afdeling I.R., Transvaal, gehou kragtens Akte van Transport 48655/1969, die volgende woorde van voorwaarde (2) ophef:

"(2) And subject further to restrictive conditions regarding subdivision of the land, number of dwellings to be erected and the use of the land in favour of the General Public, as will more fully appear from Notarial Deed No. 779/52-S, dated 8 August, 1952 and registered on 16 September, 1952"; en

(2) Noordelike Johannesburgstreek-dorpsaanlegskema, 1958, wysig deur die hersonering van Erf 4230, dorp Bryanston van "Spesiale Woon" tot "Spesiaal" vir die gebruik soos uiteengesit in die aangehegte Bylae 212, welke wysigingskema bekend staan as Wysigingskema 943 soos aangedui op die bygaande Kaart 3 en die skemaklousules.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 8ste dag van Desember, Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinse Transvaal.
PB. 4-14-2-207-20

NOORDELIKE JOHANNESBURGSTREEK-WYSIGINGSKEMA 943.

Die Noordelike Johannesburgstreek-dorpsaanlegskema, 1958, goedgekeur kragtens Administrateursproklamasie 228 van 1959, gedateer 11 November 1959, word hiermee verder soos volg verder gewysig en verander:

1. Die kaart, soos aangetoon op Kaart 3, Wysigingskema 943.

2. Klousule 15(a), Tabel 'D', Gebruiksone VI Spesiaal, deur die byvoeging van die volgende in die onderskeie kolomme:

(3)	(4)	(5)
() Bryanston Dorp: Erf 4230: 'n Hospitaal, kraaminrigting en verwante dienste soos doktersspeakkamers, hulpkamers, blommewinkel, teekamer, kleinhandelapteek, haarkapper, verwante kantore en 'n bewaar-skool.	Enige ander gebruik	

3. Klousule 15(a), Tabel 'DA', deur die byvoeging van die volgende in die onderskeie kolomme:

(2)	(3)
Bryanston Dorp: Erf 4230.	212

4. Klousule 5, Tabel 'A' deur die byvoeging van die nommer 605 tot Kolom 1, Deel 1.


5. Deur die byvoeging van Plan 212 tot die Bylae.

NORTHERN JOHANNESBURG REGION AMENDMENT SCHEME 943
NOORDELIKE JOHANNESBURGSTREEK WYSIGINGSKEMA 943

**MAP
KAART 3**

SCALE 1:2500 SKAAL


(1 Sheet / Vel)



ERF 4230 DORP BRYANSTON TOWNSHIP

NOTE: REFERENCE TO ANNEXURE INDICATED IN GREEN
REFERENCE TO AND PROPOSED NEW ROAD AND
WIDENINGS INDICATED IN RED.

NOTA: VERWYSING NA BYLAE IN GROEN
VERWYSING NA EN VOORGESTELDE NUWE
PAAIE & VERBREDING AANGETOON IN
GROEN.



VOORGESTELDE NUWE PAAIE & VERBREDING
PROPOSED NEW ROAD & WIDENINGS

USE ZONE / GEBRUIKSTREEK



SPECIAL
SPESIAAL




REFERENCE TO ANNEXURE
VERWYSING NA BYLAE

VIR GOEDKEURING AANBEVEEL
RECOMMENDED FOR APPROVAL

CHAIRMAN TOWNSHIPS BOARD
VOORSITTER DORPERAAD

PRETORIA

19



NORTHERN JOHANNESBURG REGION AMENDMENT SCHEME 943.

ANNEXURE.

USE ZONE: "Special" for a hospital, maternity home and related services such as doctors' consulting rooms, auxiliary rooms, florist shop, tea-room, retail chemist, hairdresser, related offices and a crèche and, with the consent of the local authority, any other uses.

CONDITIONS:

1. HEIGHT:

The height of buildings shall not exceed 3 storeys: Provided that, subject to the approval of the local authority a storey —

- (i) the floor of which is more than 1,8 metres below the mean level of the pavement abutting the erf; and
 - (ii) which is used principally for storage purposes or which is reasonable or essential for the cleaning, maintenance or mechanical equipment of the building,
- shall be deemed not to be a storey.

2. COVERAGE:

The total coverage of all buildings shall not exceed 30%.

3. BUILDING LINE:

No building shall be erected within 8 metres from any boundary, provided that the local authority may relax this building line.

NOORDELIKE JOHANNESBURGSTREEK-WYSIGINGSKEMA 943.

BYLAE.

GEBRUIKSZONE: "Spesiaal" vir 'n hospitaal, kraam-inrigting en verwante dienste soos dokterspreekkamers, hulpkamers, blommewinkel, teekamer, kleinhandelapteek, haarkapper, verwante kantore en 'n bewaarskool en, met die toestemming van die plaaslike bestuur, enige ander gebruiks.

VOORWAARDES:

1. HOOGTE:

Die hoogte van geboue mag nie 3 verdiepings oorskry nie: Met dien verstande dat onderworpe aan die goedkeuring van die plaaslike bestuur, word 'n verdieping —

- (i) die vloer waarvan meer as 1,8 m laer as die gemiddelde hoogte van die sypaadjie aangrensend aan die erf is; en
- (ii) wat hoofsaklik vir bergruimte of redelik of noodsaaklik is vir die skoonmaak, instandhouding of mekaniese toerusting van die geboue, nie as 'n verdieping geag nie.

2. DEKKING:

Die totale dekking van alle geboue mag nie 30% oorskry nie.

3. BOULYNE:

Geen gebou mag nader as 8 meter van enige straatgrens opgerig word nie, met dien verstande dat die plaaslike bestuur hierdie boulyn mag verslap.

4. PARKING:

Paved parking spaces, together with the necessary manoeuvring space, shall be provided on the erf in the ratio of 2-spaces for every 100 m² of floor space.

5. The development of the erf, the position of building entrances, exits and parking facilities shall be to the satisfaction of the local authority.

No. 292 (Administrator's), 1977.

PROCLAMATION

Under the powers vested in me by section 4 of the Local Authorities' Roads Ordinance, 1904, read with section 80 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, I do hereby proclaim the road, as described in the Schedule hereto as a public road under the jurisdiction of the City Council of Johannesburg.

Given under my Hand at Pretoria, this 30th day of November, One thousand Nine hundred and Seventy-seven.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PB. 3-6-6-2-2-6

SCHEDULE**A road over —**

- (a) (i) Remainder of Portion 3 of the farm Langlaagte 224-I.Q. as described by the letters A B C D E F on Diagram S.G. A.682/77;
- (ii) Remainder of Portion 142 of the farm Langlaagte 224-I.Q. as described by the letters H J K L M N P Q, R S T and B1 C1 K1 H1 on Diagram S.G. A.682/77;
- (iii) Portion 144 of the farm Langlaagte 224-I.Q. as described by the letters L K U V W X Y Z A1 H1 J1 and D1 E1 F1 G1 K1 on Diagram S.G. A.682/77;
- (b) (i) Remainder of Portion 3 of the farm Langlaagte 224-I.Q. as described by the letters B C D E F G and H J K L M N P Q R on Diagram S.G. A.1119/71;
- (ii) Portion 144 of the farm Langlaagte 224-I.Q. as described by the letters S T U V on Diagram S.G. A.1119/71;
- (iii) Remainder of Portion 7 of the farm Langlaagte 224-I.Q. as described by the letters Y Z A1 B1 C1 D1 E1 F1 G1 H1 J1 K1 L1 M1, W1 X1 Y1 Z1 A2 B2 C2 M2 N2 P2 Q2 R2 S2 T2, U2 V2 W2 X2 Y2 C3 D3 E3 F3 G3 H3 Z2 B3 and K4 L4 M4 N4 P4 Q4 on Diagram S.G. A.1119/71;
- (iv) Remainder of the farm Langlaagte 224-I.Q. as described by the letters N1 P1 Q1 R1 S1 T1 U1, Y1 D2 F2 G2 H2 J2 K2 L2 Z1, B3 Z2 A3, K3 L3 M3 N3 P3 Q3 R3 J3 and K3 S3 T3 U3 W3 X3 Y3 Z3 A4 B4 C4 D4 E4 F4 G4, H4, J4 L3 in Diagram S.G. A.1119/71;
- (c) (i) Remainder of Portion 80 of the farm Langlaagte 224-I.Q. as described by the letters A B C D on Diagram S.G. A.6630/74; and

4. PARKERING:

Geplateerde parkeerplekke, tesame met die nodige beweegruimte, moet op die erf voorsien word in die verhouding van 2-plekke vir elke 100 m² vloeroppervlakte.

5. Die ontwikkeling van die erf, die plasing van die ingange en uitgange van geboue en parkeerfasiliteite moet tot bevrediging van die plaaslike bestuur wees.

No. 292 (Administrateurs), 1977.

PROKLAMASIE

Kragtens die bevoegdheid aan my verleent by artikel 4 van die "Local Authorities Roads Ordinance," 1904, gelees met artikel 80 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, proklameer ek hierby die pad soos omskryf in die bygaande Bylae tot 'n publieke pad onder die regsvvoegdheid van die Stadsraad van Johannesburg.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 30ste dag van November, Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provincie Transvaal.
PB. 3-6-6-2-2-6

BYLAE**'n Pad oor —**

- (a) (i) Restant van Gedeelte 3 van die plaas Langlaagte 224-I.Q. soos aangedui deur die letters A B C D E F op Kaart L.G. A.682/77;
- (ii) Restant van Gedeelte 142 van die plaas Langlaagte 224-I.Q. soos aangedui deur die letters H J K L M N P Q, R S T en B1 C1 K1 H1 op Kaart L.G. A.682/77;
- (iii) Gedeelte 144 van die plaas Langlaagte 224-I.Q. soos aangedui deur die letters L K U V W X Y Z A1 H1 J1 en D1 E1 F1 G1 K1 op Kaart L.G. A.682/77;
- (b) (i) Restant van Gedeelte 3 van die plaas Langlaagte 224-I.Q. soos aangedui deur die letters B C D E F G en H J K L M N P Q R op Kaart L.G. A.1119/71;
- (ii) Gedeelte 144 van die plaas Langlaagte 224-I.Q. soos aangedui deur die letters S T U V op Kaart L.G. A.1119/71;
- (iii) Restant van Gedeelte 7 van die plaas Langlaagte 224-I.Q. soos aangedui deur die letters Y Z A1 B1 C1 D1 E1 F1 G1 H1 J1 K1 L1 M1, W1 X1 Y1 Z1 A2 B2 C2 M2 N2 P2 Q2 R2 S2 T2 U2 V2 W2 X2 Y2 C3 D3 E3 F3 G3 H3 Z2 B3 en K4 L4 M4 N4 P4 Q4 op Kaart L.G. A.1119/71;
- (iv) Restant van die plaas Langlaagte 224-I.Q. soos aangedui deur die letters N1 P1 Q1 R1 S1 T1 U1, Y1 D2 F2 G2 H2 J2 K2 L2 Z1, B3 Z2 A3, K3 L3 M3 N3 P3 Q3 R3 J3 en K3 S3 T3 U3 W3 X3 Y3 Z3 A4 B4 C4 D4 E4 F4 G4 H4 J4 L3 op Kaart L.G. A.1119/71;
- (c) (i) Restant van Gedeelte 80 van die plaas Langlaagte 224-I.Q. soos aangedui deur die letters A B C D op Kaart L.G. A.6630/74; en

(ii) Remainder of Portion 3 of the farm Langlaagte 224-I.Q. as described by the letters G H J, K L M and N P Q R S on Diagram S.G. A. 6630/74.

(ii) Restant van Gedeelte 3 van die plaas Langlaagte 224-I.Q. soos aangedui deur die letters G H J, K L M en N P Q R S op Kaart L.G. A.6630/74.

No. 293 (Administrator's), 1977.

PROCLAMATION

Under the powers vested in me by section 4 of the Local Authorities Roads Ordinance, 1904, read with section 80 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, I do hereby proclaim the road as described in the Schedule hereto as a public road under the jurisdiction of the Town Council of Krugersdorp.

Given under my Hand at Pretoria, this 29th day of November, One thousand Nine hundred and Seventy-seven.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PB. 3-6-2-18-1

SCHEDULE.

A road over —

- (a) Portion 146 of the farm Witpoortjie 245-I.Q. as described by the letters A B C D E F G H J K L M N on Diagram S.G. A.6795/76 sheets 1 and 2;
- (b) Remainder of Portion 3 of the farm Witpoortjie 245-I.Q. as described by the letters A B C D E F G H J K L M N O P Q R S T U V W X Y Z A¹ B¹ C¹ on Diagram S.G. A.6791/76 sheets 1 and 2.

No. 293 (Administrateurs-), 1977.

PROKLAMASIE

Kragtens die bevoegdheid aan my verleen by artikel 4 van die "Local Authority Roads Ordinance", 1904, gelees met artikel 80 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, proklameer ek hierby die pad soos omskryf in die bygaande Bylae tot 'n publieke pad onder dieregsbevoegdheid van die Stadsraad van Krugersdorp.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 29ste dag van November, Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provincie Transvaal.
PB. 3-6-6-2-18-1

BYLAE.

'n Pad oor —

- (a) Gedeelte 146 van die plaas Witpoortjie 245-I.Q. soos aangedui deur die letters A B C D E F G H J K L M N op Kaart L.G. A.6795/76 velle 1 en 2; en
- (b) Restant van Gedeelte 3 van die plaas Witpoortjie 245-I.Q. soos aangedui deur die letters A B C D E F G H J K L M N O P Q R S T U V W X Y Z A¹ B¹ C¹ op Kaart L.G. A.6791/76 velle 1 en 2.

ADMINISTRATOR'S NOTICES

Administrator's Notice 1859 14 December, 1977

BEDFORDVIEW MUNICIPALITY: AMENDMENT TO LIBRARY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Library By-laws of the Bedfordview Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 912, dated 23 November, 1966, are hereby amended as follows:

1. By the substitution in sections 1, 2(8) and (9) for the word "organizer", wherever it occurs, of the word "Director":

2. By the substitution in section 6 for the words "not less than three cents" of the words "ten cents" and the deletion of the proviso thereto.

PB. 2-4-2-55-46

ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS

Administrateurskennisgewing 1859 14 Desember 1977

MUNISIPALITEIT BEDFORDVIEW: WYSIGING VAN BIBLIOTEEKVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Biblioteekverordeninge van die Munisipaliteit Bedfordview, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 912 van 23 November 1966, word hierdie soos volg gewysig:

1. Deur in artikels 1, 2(8) en (9) die woord "organizer", waar dit ook al voorkom, deur die woord "Dirrekteur" te vervang.

2. Deur in artikel 6 die woorde "minstens drie sent" deur die woorde "tien sent" te vervang en die voorbehoudsbepaling daarby te skrap.

PB. 2-4-2-55-46

Administrator's Notice 1860

14 December, 1977

BEDFORDVIEW MUNICIPALITY: ADOPTION OF STANDARD DRAINAGE BY-LAWS.

1. The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes —
- (a) that the Village Council of Bedfordview has in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance adopted without amendment the Standard Drainage By-laws, published under Administrator's Notice 665, dated 8 June, 1977, as by-laws made by the said Council; and
 - (b) the Tariff of Charges hereto as Appendix V to the said by-laws, which Tariff of Charges has been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance:

"APPENDIX V.

TARIFF OF CHARGES.

SCHEDULE A.

APPLICATION FEES.

1. The fees set out in item 3 of this Schedule shall be payable in terms of section 23(1) of these by-laws in respect of every application made in terms of section 20 thereof, and shall be paid by the person by or on behalf of whom the application is made.

2. The engineer shall assess the fees payable in respect of applications received in terms of section 20 of these by-laws in accordance with item 3 hereof, or in any special case as nearly as may be in accordance therewith: Provided that any person aggrieved by any such assessment shall have the right to appeal in the manner prescribed by section 3 of these by-laws.

3.(1) Minimum fee payable in respect of any application: R5.

(2) Subject to the obligation to pay a minimum fee as prescribed in subitem (1) and subject to the provisions of subitems (3) and (4), the fee payable in respect of any application as aforesaid shall be as follows:

- (a) For every 50 m² or part thereof of the floor area of the basement and ground-floor storeys of any building to be served by, or the use of which will, whether directly or indirectly be associated with the use of the drainage installation: R1.
- (b) For every 50 m² or part thereof of the floor area of all other storeys of a building as described in paragraph (a): 50c.

(3) For any application for an alteration, not amounting to a reconstruction, of, or for additions to, an existing drainage installation: For each storey of a building as described in subitem 2(a): R2.

(4) For every application made in terms of section 22(2) of these by-laws: R2.

Administratorskennisgewing 1860, 14 Desember 1977

MUNISIPALITEIT BEDFORDVIEW: AANNAME VAN STANDAARD RIOLERINGSVERORDENINGE.

1. Die Administrateur publiseer hierby, ingevolge artikel 101 van die 'Ordonnansie' op Plaaslike Bestuur, 1939 —
- (a) dat die Dorpsraad van Bedfordview die Standaard Rioleringsverordeninge, aangekondig by Administratorskennisgewing 665 van 8 Junie 1977, ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie sonder wysiging aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is; en
 - (b) die Tarief van Gelde hierby as 'Aanhangesel V' by genoemde verordeninge, welke Tarief van Gelde deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is:

"AANHANGESEL V.

TARIEF VAN GELDE.

BYLAE A.

AANSOEKGELDE.

1. Die gelde, wat in item 3 van hierdie Bylae aangegee word, is ingevolge artikel 23(1) van hierdie verordeninge betaalbaar ten opsigte van elke aansoek wat ingevolge artikel 20 van hierdie verordeninge ingedien word, en moet betaal word deur die persoon deur wie of namens wie die aansoek gedoen word.

2. Die ingenieur moet die gelde wat betaalbaar is ten opsigte van aansoeke wat ingevolge artikel 20 van hierdie verordeninge ontvang word, coreenkomstig item 3 hiervan of, in 'n spesiale geval, so na as moontlik ooreenkomsdig item 3 bereken: Met dien verstande dat iemand wat voel dat hy deur so 'n berekening benadeel is, daarteen appèl kan aanteken op die wyse wat by artikel 3 van hierdie verordeninge voorgeskryf word.

3.(1) Minimum geld betaalbaar ten opsigte van enige aansoek: R5.

(2) Behoudens die verpligting om 'n minimum geld soos voorgeskryf by subitem (1) te betaal, en die bepalings van subitems (3) en (4) is die volgende geld betaalbaar ten opsigte van enige aansoek soos voorneem:

(a) Vir elke 50 m² of gedeelte daarvan van die vloer-ruimte van die kelder- en grondverdieping van enige gebou wat bedien gaan word deur, of waarvan die gebruik regstreeks of onregstreeks sal saamgaan met die gebruik van die perseelrioolstelsel: R1.

(b) Vir elke 50 m² of gedeelte daarvan van die vloer-ruimte van alle ander verdiepings van 'n gebou, soos dit by paragraaf (a) omskryf word: 50c.

(3) Vir enige aansoek om 'n bestaande perseelrioolstelsel te kan verbou (uitgesonderd die herbouing daarvan), of om aanbouingswerk daaraan te kan verrig: Vir elke verdieping van 'n gebou, soos dit by subitem (2)(a) omskryf word: R2.

(4) Vir elke aansoek wat ingevolge artikel 22(2) van hierdie verordeninge ingedien word: R2.

SCHEDULE B.

DRAINAGE CHARGES.

PART I.

GENERAL RULES REGARDING CHARGES.

1. The charges set out in this Schedule shall in terms of section 5 of these by-laws be payable in respect of the Council's sewers and sewage-purification works and the owner of the property to which any charge relates, shall be liable therefor.

2. The expression "half-year" in this Schedule shall mean the period of six months beginning on the 1st January, or the 1st July, as the case may be, and the charges accruing during and in respect of each such half-year shall become due and payable on the same date as the general rate assessed in respect of that half-year: Provided that the charges imposed in terms of Part IV of this Schedule shall be payable half-yearly in arrear.

3. Any person who is required to furnish a return in terms of this Schedule or to provide such other information as may be necessary to enable the Council to determine the charges to be made in terms of this Schedule who fails to do so within 30 days after having been called upon to do so by notice in writing, shall pay such charges as the Council shall assess on the best information available to it.

4. In all cases of dispute as to the part or category of this Schedule which is applicable, or as to the date from which any part or category is applicable to any premises, the decision of the engineer shall be decisive, subject to a right in the owner to appeal against his decision to the Committee of the Council appointed to administer these by-laws.

5.(1) In the case of premises already connected to a sewer, the charges imposed by Parts II to VII, and in the case of premises not connected to a sewer, the charges imposed by Part II of this Schedule, shall come into operation on the date of promulgation of these by-laws.

(2) In the case of premises not connected to a sewer, the charges imposed in Parts III, IV, V, VI and VII shall come into operation on the date on which the Council requires that a connection shall be made to a sewer or from the date when the premises are in fact connected to a sewer, whichever is the earlier.

6. Where any building is partially occupied before completion, charges shall be levied in respect of it at half the rates appropriate to it in terms of Part III of this Schedule, for a period of three calendar months after the date of the first occupation, after which the said charges shall be paid in full.

7. The charges imposed under Parts III, IV and V of this Schedule shall remain effective in the case of buildings wholly unoccupied or in course of demolition until the date on which the Council is asked to seal the opening to the Council's sewer.

BYLAE B.

RIOLERINGSGELDE.

DEEL I.

ALGEMENE REËLS BETREFFENDE GELDE.

1. Die gelde wat in hierdie Bylae aangegee word, is ingevolge die bepalings van artikel 5 van hierdie verordeninge ten opsigte van die Raad se straatrooie en rioolvulwerke betaalbaar, en die eienaar van die eiendom waarop die gelde betrekking het, is daarvoor aanspreeklik.

2. Waar die woord "halfjaar" in hierdie Bylae voorkom beteken dit die tydperk van ses maande wat op 1 Januarie of op 1 Julie, na gelang van die geval begin, en die gelde wat gedurende en ten opsigte van elke sodanige halfjaar oploop, is verskuldig en betaalbaar op dieselfde datum as die algemene eiendomsbelasting vir die halfjaar: Met dien verstande dat die gelde wat ingevolge Deel IV aan hierdie Bylae gehef word, halfjaarliks agteruit betaal moet word.

3. Iemand wat gelas word om ingevolge hierdie Bylae 'n opgawe in te dien of ander inligting te verstrek wat die Raad nodig het om die gelde ingevolge hierdie Bylae te kan bereken, en wat versum om dit te doen binne 30 dae nadat hy skriftelik kennis ontvang het om dit te doen, moet die gelde betaal wat die Raad met die beste inligting tot sy beskikking bereken.

4. In alle geskille wat ontstaan oor die deel of kategorie van hierdie Bylae wat van toepassing is, of oor die datum waarop enige deel of kategorie van toepassing is op enige perseel, is die beslissing van die ingenieur beslissend: Met dien verstande dat die eienaar in so 'n geval by die komitee van die Raad wat met die administrasie van hierdie verordeninge belas is, teen sodanige beslissing appèl kan aanteken.

5.(1) In die geval van 'n perseel wat reeds met 'n straatrooil verbind is, word die gelde wat by Deel II tot Deel VII gehef word, en in die geval van 'n perseel wat nie met 'n straatrooil verbind is nie, word die gelde wat by Deel II van hierdie Bylae gehef word, van krag op die datum waarop hierdie verordeninge afgekondig word.

(2) In die geval van 'n perseel wat nie met 'n straatrooil verbind is nie, word die gelde wat by Deel III, IV, V, VI en VII gehef word, van krag op die datum waarop 'n perseel in opdrag van die Raad met 'n straatrooil verbind moet word, of waarop die perseel inderdaad met 'n straatrooil verbind word, watter datum ook al die vroegste is.

6. Indien 'n gebou gedeeltelik geokkypeer word voor dat dit voltooi is, word die helfte van die gelde wat ingevolge Deel III van hierdie Bylae daarop van toepassing is, vir 'n tydperk van drie kalendermaande vanaf die datum waarop dit die eerste geokkypeer is, gehef, maar daarna moet genoemde gelde ten volle betaal word.

7. Die gelde wat by Deel III, IV en V van hierdie Bylae gehef word, bly in die geval van geboue wat heeltemal leeg staan of gesloop word, van krag tot op die datum waarop die Raad gevra word om die betrokke opening in die Raad se straatrooil te verseel.

8. Where any change, other than a change as referred to in rule 7 of these rules, is made in the nature of the occupation or the use of any premises which requires the application of a different charge in terms of this Schedule, no claim for any adjustment of an account rendered or any refund of moneys paid in terms of this Schedule shall be entertained by the Council, unless notice in writing of the change is given to the Council within 30 days of the date of its occurrence.

9. In the case of premises or places connected to the Council's sewerage system and not falling under any of the categories enumerated in this Schedule the charge to be imposed by the Council shall, regard being had to the nature of the premises, correspond as closely as possible with the provisions of the Schedule.

10.(1) The charges prescribed for category 8 of Part III of this Schedule shall be determined in advance for each quarter and shall be based on a quantity equal to the water consumption metered in terms of the Council's Water Supply By-laws for the meter reading cycle of three months preceding the last meter reading prior to the quarter in question: Provided that —

(a) in the case of a new property or if the record of metered consumption on an existing property does not extend over the full meter reading cycle of three months or if, in the opinion of the Council, the record of metered consumption is not a suitable basis for the determination of the charge by reason of a change in the occupation, use or ownership of a property, or special contingency, the charge for the coming quarter shall, subject to adjustment when the consumption of water for the three-monthly period becomes available, be based on the Council's estimate of the quantity of water to be consumed and discharged to the sewer on such property during such coming three-monthly period, where "three-monthly period" means the period of three months in the meter reading cycle ending on the date of the meter reading preceding the end of the quarter;

(b) where the quantity of water obtained from a source other than the Council's water supply on a property during that cycle is unknown, the charge shall be based on the Council's estimate of the total water consumption of such property during the aforesaid meter reading cycle.

(2) Upon payment of the charges prescribed in terms of the Council's Water Supply By-laws for the installation of any meter, the Council may install on any property included in category 8 of Part III of this Schedule a separate meter to record the consumption of water —

- (a) obtained from any source other than the Council's water supply, or
- (b) which, after use, will not reach a drainage installation.

(3) Water consumption recorded by a meter installed in terms of —

8. Ingéval daar 'n verandering, uitgesonderd 'n verandering soos dié waarin daar in reël 7 van hierdie reëls verwys word, plaasvind in die aard van die okkupasie of die gebruik van 'n perseel, en so 'n verandering meebring dat 'n ander tarief ingevolge hierdie Bylae daarop van toepassing gemaak moet word, oorweeg die Raad geen eis vir die verandering van 'n rekening wat reeds gelewer is of vir die terugbetaling van geld wat betaal is ingevolge hierdie Bylae nie, tensy die Raad binne 30 dae nadat so 'n verandering plaasvind het, skriftelik daaryan in kennis gestel is.

9. In die geval van persele of plekke wat met die Raad se straatrooilstelsel verbind is, en wat nie ressorteer onder enigeen van die kategorieë wat in hierdie Bylae uiteengesit word nie, moet die geld wat die Raad vorder, met inagneming van die aard van die perseel, so na as moontlik ooreenstem met die bepalings van hierdie Bylae.

10.(1) Die geld wat vir kategorie 8 van Deel III van hierdie Bylae voorgeskryf word, word vir elke kwartaal vooruitbereken en word gebaseer op die hoeveelheid wat gelyk is aan die waterverbruik wat afgemeet is ingevolge die Raad se Watervoorsieningsverordeninge vir die meterafleessiklus van drie maande wat die laaste meteraflesing voor die betrokke kwartaal voorafgaan. Met dien verstande dat —

(a) in die geval van 'n nuwe eiendom of indien die opgawe van die afgemete verbruik op 'n bestaande eiendom nie strek oor die volle meterafleessiklus van drie maande nie, of indien, na die mening van die Raad, die opgawe van die afgemete verbruik vanweé 'n wisseling van okkupant, gebruik of eienaar van 'n eiendom, of weens 'n besondere omstandigheid, nie 'n gesikte grondslag is vir die vasstelling van die geld nie, die geld vir die komende kwartaal, onderworpe aan aanpassing wanneer die waterverbruiksyfer vir die tydperk van drie maande beskikbaar is, gebaseer word op die Raad se skatting van die hoeveelheid water wat gedurende sodanige komende tydperk van drie maande op sodanige eiendom verbruik, en in die straatrooil ontslaal word; die tydperk van drie maande beteken die tydperk van drie maande in die meterafleessiklus wat eindig op die datum van die meteraflesing wat die einde van die kwartaal voorafgaan;

(b) indien dit nie bekend is hoeveel water op 'n eiendom gedurende die siklus uit 'n ander bron as die Raad se watervoorraad verkry is nie, die geld gebaseer word op die Raad se skatting van die totale waterverbruik op sodanige eiendom gedurende die voornoemde meterafleessiklus.

(2) Die Raad kan, by betaling van die geld wat by die Raad se Watervoorsieningsverordeninge vir die installering van 'n meter voorgeskryf is, op 'n eiendom wat by kategorie 8 van Deel III van hierdie Bylae ingesluit is, 'n afsonderlike meter installeer om die hoeveelheid water te regstreer —

- (a) wat verkry word uit enige bron behalwe die Raad se watervoorraad, of
- (b) wat, nadat dit gebruik is, nie in 'n perseelriool sal beland nie.

(3) Waterverbruiksyfers wat geregistreer word deur 'n meter wat geïnstalleer is ingevolge —

- (a) subrule (2)(a) shall be subject to the charges prescribed for category 8 of Part III of this Schedule;
- (b) subrule (2)(b) shall not be subject to any charge in terms of this Schedule.

(4) Where on any property the Council, after consideration of its size, the number of water supply points and the complexity of the water reticulation, considers it impractical to determine the quantity of water discharged to sewer from records of metered water consumption, it may at its discretion —

- (a) direct that the water reticulation system be altered at the cost of the owner, to facilitate separate metering of water discharged to the sewer after use, and other water consumed but not so discharged, or
- (b) assess the quantity of water discharged to the sewer in any six-monthly meter-reading period in accordance with normal standards of water usage.

PART II.

CHARGES IN RESPECT OF SEWERS WHICH ARE AVAILABLE.

1. For the purposes of this Part of this Schedule —

'piece of land' means any piece of land registered in a deeds registry as an erf, lot, stand or other area, or as a portion of such erf, lot, stand or other area, or any defined portion, not intended as a public place, of a piece of land proclaimed as a township, or of a piece of land which is held under mining title or which, being proclaimed land not held under mining title, is used for residential purposes or for purposes not incidental to mining operations.

2. Where any piece of land, whether or not there are any improvements thereon, is or, in the opinion of the Council can be connected to any sewer under the control of the Council, the owner of such piece of land shall pay to the Council the charges specified hereunder:

	Per Half-year R
"(1) For an area up to and including 990 m ²	17,60
(2) For an area of over 990 m ² up to and including 1 486 m ²	22,00
(3) For an area of over 1 486 m ² up to and including 1 983 m ²	26,40
(4) Thereafter, for every additional 99 m ² or portion thereof in excess of 1 983 m ²	0,42
(5) In the case of agricultural holdings the only charges payable shall be R96,80 per year, per dwelling house.	
(6) For an area of 4,282 hectares and larger on which sports clubs conduct sporting activities: R385 per annum.	

(a) subrule (2)(a) is onderworpe aan die gelde wat vir kategorie 8 van Deel III van hierdie Bylae voorgeskryf word;

(b) subrule (2)(b) is nie onderworpe aan die betaling van gelde wat in hierdie Bylae voorgeskryf word nie.

(4) As die Raad, nadat hy aandag geskenk het aan die grootte van 'n eiendom, die getal watertoeverpunte en die ingewikkeldheid van die waternet, dit onprakties beskou om uit die aangetekende waterverbruiksfers te bepaal hoeveel water in die straatrooil ontlas word, kan hy na goedgegunke —

- (a) opdrag gee dat die waternet op die eienaar se koste verander word sodat water wat na gebruik in die straatrooil ontlas word en ander water wat gebruik word maar nie in die straatrooil beland nie, makliker afsonderlik afgemeet kan word, of
- (b) die hoeveelheid water wat gedurende enige sesmaandelikse meterafleestydperk ooreenkomsdig die gewone watergebruikstandaarde in die straatrooil ontlas word, beraam.

DEEL II.

DIE GELDE TEN OPSIGTE VAN BESKIKBARE VUILRIOLE.

1. Vir die toepassing van hierdie Deel van hierdie Bylae beteken —

'stuk grond', enige stuk grond wat in 'n aktekantoor geregistreer is as 'n erf, lot, standplaas of ander gebied, of as 'n gedeelte van so 'n erf, lot, standplaas of ander gebied, of as 'n omskreve gedeelte, wat nie as 'n openbare plek bedoel is nie, van 'n stuk grond wat as 'n dorp geproklameer is, of van 'n stuk grond wat ingevolge 'n mynbrief gehou word of wat geproklameerde grond is wat nie kragtens 'n mynbrief gehou word nie en wat vir woondoeleindes of vir doeleindes wat nie met mynboubedrywighede in verband staan nie, gebruik word.

2. Indien 'n stuk grond, of daar verbeterings daarop is of nie, verbind is met 'n straatrooil wat deur die Raad beheer word, of na die mening van die Raad met so 'n straatrooil verbind kan word, moet die eienaar van sodanige grond aan die Raad die gelde betaal op die onderstaande basis:

	Per Halfjaar R
"(1) Vir 'n gebied tot en met 990 m ²	17,60
(2) Vir 'n gebied groter as 990 m ² tot en met 1 486 m ²	22,00
(3) Vir 'n gebied groter as 1 486 m ² tot en met 1 983 m ²	26,40
(4) Daarna, vir elke bykomende 99 m ² of gedeelte daarvan bo 1 983 m ²	0,42
(5) In die geval van landbouhoeves is gelde betaalbaar slegs ten opsigte van woonhuise teen R96,80 per jaar, per woonhuis.	
(6) Vir 'n gebied van 4,282 hektaar of groter waarop sportaktiwiteite deur sportklubs beoefen word: R385 per jaar.	

PART III.

DOMESTIC SEWAGE.

The owner of any land or buildings having a drainage installation thereon which is connected to the Council's sewers shall be liable to pay, in addition to charges imposed in other Parts of this Schedule, every month in respect of the land or buildings described in the left-hand column of the following table the charges specified in the right-hand column thereof.

TABLE.

Category	Per Month R
1. Private dwelling houses, each	3,00
2. Churches and other buildings used exclusively for public worship, each	3,00
3. Halls, used for purposes connected with religion and from which no revenue is derived, each	3,00
4. Homes, hostels, orphanages or other similar premises operated by a registered welfare organisation:	
(1) For every 20 or part of that number of inmates	1,50
(2) For the purpose of this charge the word 'inmates' includes resident staff and servants.	
The number of inmates shall be calculated by reference to the average daily total thereof during the six-month period immediately preceding that to which the charge relates, and shall be certified by the person in charge of the institution.	
5. Educational Institutions:	
(1) For every 10 or part of that number of persons	3,00
(2) For the purpose of this charge, the word 'persons' includes day-students, boarding students, staff and servants, whether resident or not, and the number of such persons shall be calculated in the manner prescribed for category 4.	
6. Hospitals, nursing homes and convalescent homes:	
For every 10 or part of that number of persons, including patients, members of resident staff and resident servants, for whom accommodation is certified by the person in charge of the premises to have been available at the end of the preceding calendar year	3,00
7. Buildings which are wholly unoccupied and are in the course of erection	3,00
8. All classes of property other than those specified in categories 1 to 7 inclusive: For each unit of 1 kl or part thereof of metered or estimated water consumption assessed as set out in rule 12 of Part I, per month: 3c.	

DEEL III.

HUISHOUDELIKE RIOOLVUIL.

Die eienaar van grond waarop, of geboue waarin daar perseelrioolstelsels is wat met die Raad se straatriole verbind is, moet benewens die gelde wat ingevolge ander Dele van hierdie Bylae gevorder word, elke maand ten opsigte van die grond of geboue wat in die linkerhandste kolom van onderstaande tabel beskryf word, die gelde betaal wat daarteenoor in die regterhandste kolom daarvan aangegee word:

TABEL.

Kategorie	Per Maand R
1. Private woonhuise, elk	3,00
2. Kerke en ander geboue wat uitsluitend vir openbare godsdiensoefeninge gebruik word, elk	3,00
3. Sale wat gebruik word vir doeleindes wat met godsdienst verband hou en waaruit geen inkomste verkry word nie, elk	3,00
4. Tehuise, koshuise, weeshuise of ander soortgelyke persele wat deur 'n geregistreerde welsynorganisasie beheer word:	
(1) Vir elke 20 inwoners of gedeelte van dié getal	1,50
(2) Vir die berekening van hierdie gelde omvat die woord 'inwoners' ook inwonende personeel en bediendes.	
Die getal inwoners word bereken volgens hulle gemiddelde daagliks totaal gedurende die tydperk van ses maande wat dié tydperk waarvoor die gelde gevorder word onmiddellik voorafgaan, en dié getal moet deur die persoon wat in beheer van die inrigting staan, as juis gesertifiseer word.	
5. Opvoedkundige inrigtings:	
(1) Vir elke 10 personele of gedeelte van dié getal	3,00
(2) Vir die berekening van hierdie gelde omvat die woord 'personele' dagstudente, kosgangers, personeel en bediendes, of hulle inwoon of nie, en die getal sodanige persone word bereken op die wyse wat vir kategorie 4 voorgeskryf is.	
6. Hospitale, verpleeginrigtings en hersteloorde:	
Vir elke 10 personele of gedeelte van dié getal, met inbegrip van pasiënte, lede van die inwonende personeel en inwonende bediendes vir wie daar, soos die persoon in beheer van die personeel gesertifiseer het, aan die einde van die voorafgaande kalenderjaar huisvesting beskikbaar was	3,00
7. Geboue in aanbou en wat heeltemal ongeokkuper is	3,00
8. Alle ander klasse eiendomme behalwe die wat in kategorie 1 tot en met 7 aangegee word: Vir elke eenheid van 1 kl of 'n gedeelte daarvan van die afgemete of beraamde waterverbruik bereken volgens reël 12 van Deel I, per maand: 3c.	

PART IV:

INDUSTRIAL EFFLUENTS.

The following rules shall be applicable for the purposes of section 77(3) of these by-laws in connection with and for the determination of charges payable for the conveyance and treatment of industrial effluents:

1. Subject to the exceptions contained in rule 8, the owner or occupier of premises on which any trade or industry is carried on and from which, as a result of such trade or industry or of any process incidental thereto, any effluent is discharged to the Council's sewer shall, in addition to any other charges for which he may become liable in terms of this Schedule, pay to the Council an industrial effluent charge which shall be calculated —

(a) on the quantity of water discharged during the half-year forming the period of the charge; and

(b) in accordance with the following formula:

Charge in cent per kl = $8,80 + 0,046 \cdot (PV - 80)$, where PV is the arithmetical average of the strengths determined as specified in rule 3 of this part of not less than four grab samples of effluent taken at any time during the half-year: Provided that the minimum charge shall be 9,80c per kl.

2. Whenever a sample is taken by the Council in terms of rule 1, one-half thereof shall, on his request, be made available to the owner or occupier of the premises.

3. The strength referred to in rule 1 shall be determined by reference to the oxygen absorbed in four hours from acidic potassium permanganate and on an aliquot part of a well-shaken sample in accordance with the methods of chemical analysis as applied to sewage and sewage effluents as set out in Part I under Appendix II to these By-laws.

4. In the absence of any direct measurement the quantity of industrial effluent discharged during a half-year shall be determined by the Council according to the quantity of water consumed on the premises during that period, and in the determination of that quantity deduction shall be made of the quantity used on the premises for domestic purposes (which quantity shall be charged for as laid down in Part III of this Schedule), and the quantity lost to the atmosphere during the process of trade or manufacture, or present in the final product.

5. Unless the Council shall in any particular case agree otherwise in writing with an owner or occupier, charges prescribed by this Schedule shall be levied in respect of half-yearly periods beginning on 1 July and 1 January: Provided that —

(a) where the last monthly meter reading relating to a half-yearly charging period is taken before the end of that period, the remaining part of the period shall be deemed to belong for charging purposes to the next succeeding half-yearly charging period;

(b) where the last monthly meter reading relating to the half-yearly charging period is taken after the

DEEL IV.

FABRIEKSLUITVLOEISEL.

Onderstaande reëls geld vir die toepassing van artikel 77(3) van hierdie verordeninge in verband met en vir die berekening van die gelde wat vir die wegvoer en behandeling van fabrieksluitvloeisel betaalbaar is:

1. Behoudens die uitsonderings wat in reël 8 vervat is, moet die eienaar of okkupant van 'n perseel waarop daar 'n bedryf of nywerheid gedryf word en waarvan daar, ten gevolge van so 'n bedryf of nywerheid of van so 'n proses wat daarmee gepaard gaan, uitvloeisel in die Raad se straatrooil ontsla word, benewens die ander gelde waarvoor hy ingevolge hierdie Bylae aanspreeklik mag wees, aan die Raad 'n fabrieksluitvloeiselgeld betaal wat bereken word —

(a) volgens die hoeveelheid water wat gedurende die halfjaar waarvoor die gehef word, ontsla word; en

(b) ooreenkomsdig die volgende formule:

Vordering in sent per kl = $8,80 + 0,046 \cdot (PV - 80)$, waar PV die rekenkundige gemiddelde is van die sterke bepaal ooreenkomsdig reël 3 van hierdie Deel van minstens vier blinde monsters van uitvloeisel wat te eniger tyd gedurende die halfjaar geneem is: Met dien verstande dat die minimum vordering 9,80c per kl is.

2. Wanneer die Raad 'n monster ingevolge reël 1 neem, moet die helfte daarvan, indien hy dit versoek, aan die eienaar of okkupant van die perseel beskikbaar gestel word.

3. Die sterke waarnaar daar in reël 1 verwys word, word volgens die skeikundige metodes, waarvolgens rioolvuil en riooluitvloeisel ontleed word, soos dit in Deel I onder Aanhangsel II by hierdie verordeninge omskryf word, bepaal ooreenkomsdig die hoeveelheid suurstof wat 'n deelvolume van 'n goed gemengde monster in vier uur uit 'n aangesuurde kaliumpermanganatooplossing absorbeer.

4. Indien daar geen regstreekse afmeting plaasvind nie, bepaal die Raad die hoeveelheid fabrieksluitvloeisel wat gedurende 'n halfjaar ontsla is, volgens die hoeveelheid water wat gedurende die tydperk op die perseel verbruik is; en by die bepaling van die hoeveelheid word die water wat vir huishoudelike doeleindes op die persele verbruik is (waarvoor die gelde ingevolge Deel III van hierdie Bylae gehef word) en die hoeveelheid wat tydens die vervaardigings- of bedryfsproses verdamp het, of in die eindproduk aanwesig is, agetrek.

5. Tensy die Raad in 'n bepaalde geval anders met 'n eienaar of okkupant skriftelik ooreenkom, word die gelde wat by hierdie Bylae voorgeskryf word, gehef ten opsigte van die halfjaarlike tydperke wat op 1 Julie en 1 Januarie begin: Met dien verstande dat —

(a) waar die laaste maandelikse meterlesing betrekende 'n halfjaarlike heffingstydperk voor die einde van die tydperk plaasvind, die res van die tydperk vir heffingsdoeleindes as deel van die daaropvolgende halfjaarlike heffingstydperk geag word;

(b) waar die laaste maandelikse meterlesing betrekende die halfjaarlike heffingstydperk na die einde

end of that period, that part of the succeeding period which has elapsed when the reading is taken shall be deemed to form part of the charging period to which the reading relates; and

(c) where the discharge of effluent to the sewer begins during a half-year as aforesaid, the charge made in respect of that half-year shall be calculated as from the said date.

6. If a meter whereby the quantity of water consumed on the premises is measured is proved defective, the appropriate adjustment shall be made to the quantity of industrial effluent discharged when calculated as prescribed by rule 4.

7.(1) Where industrial effluent is discharged into the sewer from more points than one, whether on the same floor or on different floors of premises, the Council may in its discretion for all the purposes of making a charge in terms of this Schedule, including the taking of test samples, treat each such point of discharge as a separate such point for the discharge of industrial effluent into the sewer.

(2) For the purpose of calculating, as prescribed by rule 4, the quantity of effluent discharged from each point of discharge as aforesaid, the total water consumed on the premises shall be allocated as accurately as is reasonably practicable, after consultation between the engineer and the occupier, among the several points of discharge.

8. In the case of any trade or industry in respect of which

(a) the average monthly water consumption during the previous half-year period was less than 100 kl, the charge for such industrial effluent shall be 4,40c per kl: Provided that if at the end of any half-year period an industry has discharged an average of 100 kl or more of industrial effluent to sewer, but no samples of the effluent have been taken or the determinations of the strength of the effluent have been made, then at least three samples of the effluent shall be taken and analysed during the following six-month period and the sum paid in respect of the first six-month period in terms of this rule shall be adjusted by the addition thereto of an amount equal to the difference between such sum and the sum due in terms of rules 1, 3, 4 and 7."

(b) The OA strength of the effluent is usually 80 parts per million or less (determined as laid down in rules 1 and 3) the charge for such industrial effluent (assessed as laid down in rules 4 and 7) shall be 4,40c per kl: Provided that this subrule shall not apply if the discharge from the said industry contains chromium or any other substance likely to affect the accuracy of the test for the determination of strength, in which case the procedure laid down in section 78(2)(e) shall be adopted.

PART V.

SWIMMING POOLS.

The following charges shall be payable in respect of fountains, swimming pools or reservoirs, according to their capacity as specified below:

van dié tydperk plaasvind, dié gedeelte van die daaropvolgende tydperk wat reeds verstryk was toe die meterlesing plaasgevind het, as deel van die heffingstydperk waarop die lesing betrekking het, geag word; en

(c) waar die ontlasting van uitvloeisel in 'n straatrooil op 'n datum gedurende 'n halfjaar, soos voornoem, begin, die geld ten opsigte van dié halfjaar vanaf genoemde datum bereken word.

6. Indien daar bewys word dat 'n meter waarmee die hoeveelheid water wat op die perseel verbruik word, afgemeet word, defek is, moet die hoeveelheid fabrieksuitvloeisel wat ontlas is, bereken ooreenkomsdig reël 4, dienooreenkomsdig aangepas word.

7.(1) Waar fabrieksuitvloeisel op meer as een plek in 'n straatrooil ontlas word, hetby op dieselfde verdieping hetby op verskillende verdiepings van 'n perseel, kan die Raad na goeddunk vir alle doeleindes om 'n geld ingevolge hierdie Bylae te kan hef, met inbegrip van die neem van toetsmonsters, elke sodanige ontlasplek, as 'n afsonderlike plek vir die ontlasting van fabrieksuitvloeisel in die straatrooil beskou.

(2) Met die doel om die hoeveelheid uitvloeisel wat by elke ontlasplek, soos voornoem, ontlas word, te kan bereken soos dit by reël 4 voorgeskryf word, word die totale hoeveelheid water wat op die perseel verbruik is, so juis as wat redelikerwys moontlik is, na oorlegpleging tussen die ingenieur en die okkuperer, aan die verskillende ontlasplekke toegewys.

8. In die geval van 'n bedryf of nywerheid ten opsigte waarvan

(a) die gemiddelde maandelikse verbruik gedurende die vorige halfjaartydperk minder was as 100 kl, is die geldte ten opsigte van sodanige fabrieksuitvloeisel 4,40c per kl: Met dien verstande dat indien 'n nywerheid aan die einde van 'n halfjaartydperk gemiddeld 100 kl of meer fabrieksuitvloeisel in die straatrooil laat ontlas het, maar daar nie monsters ter bepaling van die sterkte van uitvloeisel geneem is nie, daar gedurende die volgende tydperk van ses maande minstens drie monsters van die uitvloeisel geneem moet word en die bedrag wat ingevolge hierdie reël ten opsigte van die eerste tydperk van ses maande betaal is moet dan aangepas word deur 'n bedrag gelykstaande met die verskil tussen genoemde bedrag en die bedrag wat ingevolge reëls 1, 3, 4 en 7 verskuldig is, daarby te voeg;

(b) Die OA-sterkte van die uitvloeisel gewoonlik 80 dele per miljoen of minder is (bepaal ooreenkomsdig reëls 1 en 3) is die geldte ten opsigte van sodanige fabrieksuitvloeisel (bereken ooreenkomsdig reëls 4 en 7) 4,40c per kl: Met dien verstande dat dié subreël nie van toepassing is nie indien die uitvloeisel van genoemde nywerheid chroom of 'n ander stof wat waarskynlik die akkuraatheid van die toets ter bepaling van die sterkte kan beïnvloed, bevat en die prosedure wat by artikel 78(2)(e) voorgeskryf word, word dan gevolg.

DEEL V.

SWEMBADDENS.

Onderstaande geldte is ten opsigte van fonteine, swembaddens of opgaardamme betaalbaar en word bereken volgens die inhoudsvermoë, soos dit hieronder aangegee word:

	<i>Per Half-year</i>
1. Less than 500 kl	No charge
2. 500 kl or more	R25

PART VI.**WASTE-FOOD DISPOSAL UNITS.**

For each waste-food disposal unit or garbage grinder installed in terms of section 71, per each rated 0,4 kilowatt-power or part thereof of the drive motor, per month: R4.

PART VII.**STABLES.**

Stables draining into the sewerage system per 5 or part of that number of animals which the stabler is reasonably capable of accommodating, per month: R2.

SCHEDULE C.**WORK CHARGES.**

1. The charges set out in the right-hand column of the Table below shall, in terms of section 5 of these by-laws, be payable for work described in the left-hand column thereof, which is carried out by the Council in terms of the sections specified.

2. The owner of the property on or in respect of which the work referred to in item 1 is carried out, shall be liable to the Council for the charge relating thereto.

TABLE.

(1) Sealing openings [section 9(4)], per connection: R20.

(2) Re-opening sealed connections, per connection: R20.

(3) Removing blockages (section 13):

(a) For the first half-hour after the beginning of the work, all travelling time to the work included: R4.

(b) For every half-hour of work thereafter, excluding travelling time after completion of the work: R1.

(4) Alterations to gullies [section 10(4)], per gulley: R5."

2. The Drainage and Plumbing By-laws of the Bedfordview Municipality, published under Administrator's Notice 509, dated 1 August, 1962, as amended, are hereby revoked.

The provisions in this notice contained, shall come into operation on 1 January, 1978.

PB. 2-4-2-34-46

	<i>Per Halfjaar</i>
1. Minder as 500 kl	Kosteloos
2. 500 kl of meer	R25

DEEL VI.**TOESTELLE VIR DIE WEGRUIMING VAN AFVALVOESEL.**

Vir elke toestel vir die wegruiming van afvalvoedsel of iedere kombuisafvalmeul wat ingevolge artikel 71 aangebring is: Vir elke aangeslote 0,4 kilowattkrag of enige gedeelte daarvan van die dryfmotor, per maand: R4.

DEEL VII.**STALLE.**

Stalle wat in die rioolstelsel dreineer per 5 of gedeelte van daardie aantal diere wat die stalhouer goedelik kan akommodeer, per maand: R2.

BYLAE C.**GELDE VIR WERK.**

1. Die gelde wat in die regterkantste kolom van die Tabel hieronder uiteengesit word, is ingevolge artikel 5 van hierdie verordeninge betaalbaar vir werk wat in die linkerkantste kolom daarvan beskryf word en wat die Raad ingevolge die gemelde artikels verrig.

2. Die eienaar van die eiendom waarop of ten opsigte waarvan die werk waarna daar in item 1 verwys word, verrig word, is vir die toepaslike geld teenoor die Raad aanspreeklik.

TABEL.

(1) Verseeling van openinge [artikel 9(4)], per verbinding: R20.

(2) Oopmaak van verseelde verbindings, per verbinding: R20.

(3) Oopmaak van verstoppe perseelriole (artikel 13):

(a) Vir die eerste halfuur vandat daar met die werk begin is, met inbegrip van die rytyd na die perseel: R4.

(b) Vir elke halfuur wat daarnaan gework word, uitgesonderd die rytyd na voltooiing van die werk: R1.

(4) Verbouingswerk aan rioolputte [artikel 10(4)], per rioolput: R5."

2. Die Riolerings- en Loodgietersverordeninge van die Munisipaliteit Bedfordview, afgekondig by Administrateurskennisgewing 509 van 1 Augustus 1962, soos gewysig, word hierby herroep.

Die bepalings in hierdie kennisgewing vervat, tree op 1 Januarie 1978 in werking.

PB. 2-4-2-34-46

Administrator's Notice 1861

14 December, 1977

BENONI MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity By-laws of the Benoni Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 2285, dated 20 December, 1972, as amended, are hereby further amended by amending the Tariff of Charges under the Schedule as follows:

1. By the substitution in items 1(2)(b), 2(2), 2(3), 3(1)(b) and 3(2)(e) for the figures "1,751c", "3,539c", "2,540c", "2,702c" and the expression "49,38%" of the figures "1,769c", "3,575c", "2,566c", "2,730c" and the expression "50,91%" respectively.

2. By the insertion after item 3(2)(e) of the following:

"3A. Basic Charge on Property not Taking Available Supply.

(1) Where any erf, stand, lot or other area, with or without improvements, can, in the opinion of the Council, be connected to any supply main, and this shall be certified by the engineer, and until such erf, stand, lot or other area has in fact been so connected, the following charges shall apply and be payable per month:

- (a) For an erf, stand, lot or other area where electricity can be supplied for domestic purposes as set out in item 1: R3,30.
- (b) For an erf, stand, lot or other area where electricity can be supplied for commercial and industrial purposes as set out in items 2 and 3: R5.

(2) The charge in terms of subitem (1) shall not be payable by the township developer in respect of vacant erven, stands, lots or other areas which are still registered in his name in a new township of which he has borne all costs for the electricity reticulation: Provided that the basic charge shall be payable on all such erven, stands, lots or other areas with effect from the first day of the month following the month in which the Council has refunded the costs for the electricity reticulation; that is to say after 60% of the relevant erven, stands, lots or other areas in such township have been developed and connected to the supply main."

PB. 2-4-2-36-6

Administrator's Notice 1862 14 December, 1977

BETHAL MUNICIPALITY: AMENDMENT TO SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Sanitary and Refuse Removals Tariff of the

Administrateurskennisgewing 1861 14 Desember 1977

MUNISIPALITEIT BENONI: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Benoni, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 2285 van 20 Desember 1972, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Tarief van Gelde onder die Bylae soos volg te wysig:

1. Deur in items 1(2)(b), 2(2), 2(3), 3(1)(b) en 3(2)(e) die syfers "1,751c", "3,539c", "2,540c", "2,702c" en die uitdrukking "49,38%" onderskeidelik deur die syfers "1,769c", "3,575c", "2,566c", "2,730c" en die uitdrukking "50,91%" te vervang.

2. Deur na item 3(2)(e) die volgende in te voeg:

"3A. Basiese Heffing op Eiendom waar Beskikbare Toevoer nie Benut word nie.

(1) Waar enige erf, standplaas, perseel of ander terrein, met of sonder verbeterings, na die mening van die Raad, en dit moet deur die ingenieur gesertifiseer word, by enige hooftoevoerleiding aangesluit kan word en tot dat so'n erf, standplaas, perseel of ander terrein inderdaad daarby aangesluit is, is die onderstaande heffings van toepassing en betaalbaar per maand:

- (a) Vir 'n erf, standplaas, perseel of ander terrein waar elektrisiteit vir huishoudelike doeleindes soos uiteengesit in item 1 verskaf kan word: R3,30.
- (b) Vir 'n erf, standplaas, perseel of ander terrein waar elektrisiteit vir handels- of nywerheidsdoeleindes soos uiteengesit in items 2 en 3 verskaf kan word: R5.

(2) Die heffing ingevolge subitem (1) is nie deur 'n dorpsontwikkelaar betaalbaar nie ten opsigte van leë erwe, standplase, persele of ander terreine wat nog in sy naam geregistreer is in 'n nuwe dorp waarvan hyself alle koste vir die elektriese benetting gedra het: Met dien verstande dat die basiese heffing op alle sodanige erwe, standplase, persele of ander terreine betaalbaar is met ingang van die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin die Raad die koste vir die elektriese benetting terugbetaal het, dit wil sê nadat 60% van die betrokke erwe, standplase, persele of ander terreine in sodanige dorp ontwikkel en by die hooftoevoerleiding aangesluit is."

PB. 2-4-2-36-6

Administrateurskennisgewing 1862 14 Desember 1977

MUNISIPALITEIT BETHAL: WYSIGING VAN SANITÈRE- EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF.

Die Administrateur publiseer hierby, ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Sanitère- en Vullisverwyderingstarief van die Mu-

Bethal Municipality, published under Administrator's Notice 1385, dated 21 September, 1977, is hereby amended by the substitution in item 1(1) for the word "twice" of the word "once".

PB. 2-4-2-81-7

Administrator's Notice 1863 14 December, 1977

ALBERTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS FOR REGULATING AND CONTROLLING THE GRANT OF BURSARIES.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The by-laws for Regulating and Controlling the Grant of Bursaries of the Alberton Municipality, published under Administrator's Notice 1150, dated 15 September 1976, are hereby amended as follows:

1. By the deletion in section 1 of the words "in local government administration".
2. By the substitution in section 4(3)(d) for the expression "5(1)(c)" of the expression "5(1)(b)".
3. By the substitution in section 5(1)(d) for the words "the July and December holidays" of the words "such holidays as the Council may decide".

PB. 2-4-2-121-4

Administrator's Notice 1864 14 December, 1977

BETHAL MUNICIPALITY: AMENDMENT TO PUBLIC HEALTH BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Public Health By-laws of the Bethal Municipality, published under Administrator's Notice 11, dated 12 January, 1949, as amended, are hereby further amended by the insertion after section 56 of the following:

"Provision of Facilities."

57. In the plans for all new buildings, other than dwelling-houses and buildings of the factory class in terms of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, which are submitted to the Council after the date of publication hereof, provision shall be made to the satisfaction of the Council for restroom or eating facilities, or both, for Non-White employees."

PB. 2-4-2-77-7

Administrator's Notice 1865 14 December, 1977

BREYTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the

Municipaliteit Bethal, aangekondig deur Administrateurskennisgewing 1385 van 21 September 1977, word hierby gewysig deur in item 1(1) die woord "twee" deur die woord "een" te vervang.

PB. 2-4-2-81-7

Administrateurskennisgewing 1863 14 Desember 1977

MUNISIPALITEIT ALBERTON: WYSIGING VAN VERORDENING OM DIE TOEKENNING VAN BEURSE TE REËL EN TE BEHEER.

Die Administrator publiseer hierby, ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordening om die Toekenning van Beurse Reël en te Beheer van die Munisipaliteit Alberton, aangekondig deur Administrateurskennisgewing 1150 van 15 September 1976, word hierby soos volg gewysig:

1. Deur in artikel 1 die woorde "in plaaslike bestuurswese" te skrap.
2. Deur in artikel 4(3)(d) die uitdrukking "5(1)(c)" deur die uitdrukking "5(1)(b)" te vervang.
3. Deur in artikel 5(1)(d) die woorde "die Julie- en Desember-vakansie" deur die woorde "sodanige vakansies as wat die Raad kan besluit" te vervang.

PB. 2-4-2-121-4

Administrateurskennisgewing 1864 14 Desember 1977

MUNISIPALITEIT BETHAL: WYSIGING VAN PUBLIEKE GESENDHEIDSVERORDENINGE.

Die Administrator publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Publieke Gesondheidsverordeninge van die Municipaliteit Bethal, aangekondig deur Administrateurskennisgewing 11 van 12 Januarie 1949, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur na artikel 56 die volgende in te voeg.

"Voorsiening van Geriewe:

57. In die planne vir alle nuwe geboue, behalwe woonhuise en geboue van die fabrieksklas ingevolge die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, wat na datum van publikasie hiervan by die Raad ingedien word, moet daar tot voldoening van die Raad voorsiening gemaak word vir ruskamer- of eetgeriewe, of albei, vir Nie-Blanke werknemers."

PB. 2-4-2-77-7

Administrateurskennisgewing 1865 14 Desember 1977

MUNISIPALITEIT BREYTEN: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrator publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939,

by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity By-laws and Wiring Regulations of the Breyten Municipality, published under Administrator's Notice 563, dated 13 November, 1926, as amended, are hereby further amended by amending the Tariff of Charges under the Schedule as follows:

1. By the substitution in item 4 for the figure "5s." of the figure "R10".

2. By the substitution in item 5 for the figure "R25" of the figure "R40".

3. By the addition after item 9 of the following:

"10. Additional Charge."

An additional charge of R5 per month shall be payable by consumers classified under Scales I, II and III of item 1."

PB. 2-4-2-36-49

Administrator's Notice 1866

14 December, 1977

BENONI MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS RELATING TO LICENCES AND BUSINESS CONTROL.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The By-laws Relating to Licences and Business Control of the Benoni Municipality, published under Administrator's Notice 67, dated 27 January, 1954, as amended, are hereby further amended by the substitution for section 270 of the following:

"Determining Mass of Vehicles."

270. Every person desirous of determining the mass of a vehicle of any description on the public mass-measuring bridge at the Licensing and Traffic Department, shall pay the sum of R1 for each mass certificate issued."

PB. 2-4-2-97-6

Administrator's Notice 1867

14 December, 1977

CARLETONVILLE MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS FOR THE LICENSING AND REGULATION OF PLUMBERS AND DRAINLAYERS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The By-laws for the Licensing and Regulation of Plumbers and Drainlayers of the Carletonville Municipality, published under Administrator's Notice 898, dated 25 October, 1967, are hereby amended by the renumbering of section 5 to read 5(1) and the insertion after subsection (1) of the following:

die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Lewering van Elektrisiteit Bywette en Draad-aanlegregulasies van die Munisipaliteit Breyten, afgekondig by Administrateurskennisgewing 563 van 13 November 1926, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Tarief van Gelde onder die Bylae soos volg te wysig:

1. Deur in item 4 die syfer "5s." deur die syfer "R10" te vervang.

2. Deur in item 5 die syfer "R25" deur die syfer "R40" te vervang.

3. Deur na item 9 die volgende by te voeg:

"10. Bykomende Heffing."

'n Bykomende heffing van R5 per maand is betaalbaar deur verbruikers wat onder Skale I, II en III van item 1 ressorteer."

PB. 2-4-2-36-49

Administrator'skennisgewing 1866 14 Desember 1977

MUNISIPALITEIT BENONI: WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE LISSENSIES EN BEHEER OOR BESIGHEDDE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge Betreffende Licensies en Beheer oor Besighede van die Munisipaliteit Benoni, afgekondig by Administrateurskennisgewing 67 van 27 Januarie 1954, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur artikel 270 deur die volgende te vervang:

"Massabepaling van Voertuie."

270. Iemand wat die massa van 'n voertuig van wat-ter aard ook al op die openbare massameetbrug by die Departement Licensies en Verkeer wil laat bepaal, moet die bedrag van R1 vir elke massasertifikaat wat uitgereik word betaal."

PB. 2-4-2-97-6

Administrator'skennisgewing 1867 14 Desember 1977

MUNISIPALITEIT CARLETONVILLE: WYSIGING VAN VERORDENINGE VIR DIE LISSENSIERING EN REGULERING VAN LOODGIETERS EN RIOOLLEERS.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedkeur is:

Die Verordeninge vir die LisSENSIERING en Regulering van Loodgieters en Rioolleers van die Munisipaliteit Carletonville, afgekondig by Administrateurskennisgewing 898 van 25 Oktober 1967, word hierby gewysig deur artikel 5 te hernoemmer 5(1) en na subartikel (1) die volgende in te voeg:

"(2) A fee of R5 shall be payable in respect of an examination as contemplated in subsection (1)."

PB. 2-4-2-136-146

Administrator's Notice 1868

14 December, 1977

GERMISTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO PUBLIC HEALTH BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Public Health By-laws of the Germiston Municipality published under Administrator's Notice 148, dated 21 February, 1951, as amended, are hereby further amended by amending Chapter 1 under Part IV as follows:

1. By the insertion after section 5 of the following:

"Fencing not to be Unsightly."

5A. No person shall allow the fencing of any premises owned or occupied by him to become unsightly or dilapidated."

2. By the insertion after section 12 of the following:

"Dilapidated Buildings."

12A. No owner or occupier of any premises shall allow any building or structure thereon to become dilapidated, neglected or unsightly."

PB. 2-4-2-77-1

Administrator's Notice 1869

14 December, 1977

GERMISTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity Supply By-laws of the Germiston Municipality, published under Administrator's Notice 25 dated 9 January, 1952, as amended, are hereby further amended by the substitution for section A of Schedule 2 of the following:

"Section A."

1. Basic Charge:

(1) With effect from 1 January, 1978, a basic charge of R36 per year shall be levied for each erf, stand, lot or other area, with or without improvements, which is or, in the opinion of the Council can be connected to the supply main, whether electricity is consumed or not.

(2) The charge in terms of subitem (1) shall be payable by the owner of such erf, stand, premises or other area and shall be payable on the same date as the rate imposed for that year in terms of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977.

"(2) 'n Geld van R5 is betaalbaar ten opsigte van 'n eksamen soos beoog in subartikel (1)."

PB. 2-4-2-136-146

Administrateurskennisgewing 1868 14 Desember 1977

MUNISIPALITEIT GERMISTON: WYSIGING VAN PUBLIEKE GESONDHEIDSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Publieke Gesondheidsverordeninge van die Munisipaliteit Germiston, aangekondig by Administrateurskennisgewing 148 van 21 Februarie 1951, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Hoofstuk 1 onder Deel IV soos volg te wysig:

1. Deur na artikel 5 die volgende in te voeg:

"Omheinings moet nie Onooglik wees nie."

5A. Niemand mag toelaat dat die omheining van enige perseel wat aan hom behoort of wat deur hom geokkupeer word onooglik of vervalle raak nie."

2. Deur na artikel 12 die volgende in te voeg:

"Bouvallige Geboue."

12A. Geen eienaar of okkupeerder van enige perseel mag toelaat dat enige gebou of struktuur daarop bouvallig, verwaarloos of onooglik raak nie."

PB. 2-4-2-77-1

Administrateurskennisgewing 1869 14 Desember 1977

MUNISIPALITEIT GERMISTON: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hiermee ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitsvoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Germiston, aangekondig by Administrateurskennisgewing 25 van 9 Januarie 1952, soos gewysig, word hiermee verder gewysig deur Gedeelte A van Bylae 2 deur die volgende te vervang:

"Gedeelte A:

1. Basiese Heffing:

(1) Met ingang 1 Januarie 1978 word 'n basiese heffing van R36 per jaar gehef vir elke erf, standplaas, perseel of ander terrein, met of sonder verbeterings, wat by die hooftoevoerleiding aangesluit is of, na die mening van die Raad daarby aangesluit kan word, of elektrisiteit verbruik word al dan nie.

(2) Die heffing ingevolge subitem (1) is deur die eienaar van sodanige erf, standplaas, perseel of ander terrein betaalbaar op dieselfde datum as die belasting wat vir daardie jaar ingevolge die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977, gehef word.

2. Scale 1A: Domestic Supply:

(1)(i) This scale shall be applicable to the following types of premises:

- (a) Private dwelling-houses.
- (b) Homes run by charitable institutions.
- (c) Hostels.

(ii) Charges for the supply of electric energy for lighting, heating, cooking and motive power where used exclusively for domestic purposes, per unit 1,5c.

(2) Scale 1B: Flats:

In the case of flats or blocks of flats, irrespective of whether the electricity consumption is measured in bulk or not:

- (i) Fixed charge, whether electricity is consumed or not, per flat per month: R3.
- (ii) Per unit of electricity consumed: 1,5c.

3. Scales 2A, 2B, 2C and 2D: Commercial, Industrial and General:

These scales shall be applicable to all premises or uses not specifically mentioned under any other scales and to the supply in bulk to a public body where the distribution is done by the consumer:

(1) Charges for the supply of electric energy through one meter, per month:

- (a) **Scale 2A:**
Per unit of electricity consumed: 3,3c.
- (b) **Scale 2B:**

The Council shall, at the written request of the consumer and subject to the conditions of section B of this tariff, where the consumer receives a supply under Scale 2A and has installed a separate circuit for the purpose, install a special meter for measuring the supply of electricity for commercial cooking, water heating and refrigeration purposes, and the charge for such supply as measured by such meter shall be as follows:

- Per unit: 1,8c.
- (c) **Scale 2C:**

The minimum period for which metering for the demand tariff prescribed in terms of this scale shall be installed, shall be 12 months. The tariff prescribed in terms of this scale normally will suit consumers whose monthly consumption is irregular and whose demand exceeds 25 kW.

- (i) Service charge per meter, per month: R7,50.
- (ii) Demand charge at the rate of R2,25 per kilowatt maximum demand measured over any consecutive 30 minutes during the month.
- (iii) Unit charge for all units consumed during the month of 1,5c per unit, subject to a minimum charge per meter of R20 per month.

- (d) **Scale 2D:**
The minimum period for which metering for the demand tariff prescribed in terms of this scale shall

2. Skaal 1A: Huishoudelike Toevoer:

(1)(i) Hierdie skaal is van toepassing op die volgende soorte persele:

- (a) Private woonhuise.
- (b) Tehuise deur liefdadigheidsorganisasies bestuur.
- (c) Koshuise.

(ii) Verordeninge vir die lewering van elektriese stroom vir verligting, verwarming, kookdoeleindes en dryfkrag waar dit uitsluitlik vir huishoudelike doeleindes gebruik word, per eenheid 1,5c.

(2) Skaal 1B: Woonstelle:

In die geval van woonstelle of woonstelgeboue hetsy die lewering by grootmaat gemet word of nie:

- (i) Vaste heffing, of elektrisiteit verbruik word of nie per woonstel, per maand: R3.
- (ii) Per eenheid elektrisiteit verbruik: 1,5c.

3. Skale 2A, 2B, 2C en 2D: Handel, Nywerheid en Algemeen:

Hierdie skale is van toepassing op alle persele en/of gebrauke wat nie uitdruklik onder enige van die ander skale vermeld is nie en op lewering in grootmaat aan 'n openbare liggaam waar die verspreiding deur die verbruiker gedoen word:

(1) Vorderings vir die lewering van elektriese stroom deur een meter, per maand:

- (a) **Skaal 2A:**
Per eenheid elektrisiteit verbruik: 3,3c.
- (b) **Skaal 2B:**

Die Raad moet, op skriftelike versoek van die verbruiker en onderworpe aan die bepalings van Gedeelte B van hierdie tarief, waar die verbruiker elektrisiteit volgens Skaal 2A kry en 'n aparte stroombaan vir die doel aangelê is, 'n spesiale meter installeer om die verbruik van elektrisiteit vir handels-kookdoeleindes, waterverhitting en -verkoeling te bepaal, en die vordering ten opsigte van sodanige toevoer deur sodanige meter geregistreer, is soos volg:

- Per eenheid: 1,8c.
- (c) **Skaal 2C:**

Meters vir lewering teen die aanvraagtarief onder hierdie skaal voorgeskryf word vir 'n minimum tydperk van 12 maande aangebring. Die tarief by hierdie skaal bepaal sal gewoonweg verbruikers met 'n onbestendige maandverbruik en met 'n aanvraag hoër as 25 kW pas.

- (i) 'n Diensheffing per meter, per maand: R7,50.
- (ii) 'n Aanyraagheffing per kilowatt maksimum aanvraag oor enige agtereenvolgende 30 minute gedurende die maand aangeteken: R2,25.
- (iii) 'n Eenheidsheffing van 1,5c per eenheid vir alle eenhede gedurende die maand verbruik, onderworpe aan 'n minimum vordering, per meter, van R20 per maand.

- (d) **Skaal 2D:**
Meters vir lewering teen die aanvraagtarief by hierdie skaal bepaal, word vir 'n minimum tydperk

be installed, shall be 12 months. The tariff prescribed in terms of this scale will normally suit consumers whose monthly consumption is fairly regular and whose demand exceeds 40 kW.

- (i) Service charge per meter, per month: R20.
- (ii) Demand charge per kW of the maximum demand registered over any consecutive 30 minutes during the month: R2,50.
- (iii) A unit charge per unit of electricity supplied during the month which shall be the same as the unit charge paid by the Council from time to time for the purchase of electricity in bulk.
- (iv) The aggregate for the month of the service charge, the demand and the unit charge aforesaid shall be subject to a discount calculated at the rate of 20% (twenty per centum) upon the amount, if any, by which the said aggregate exceeds R1 500.
- (v) Subject to a minimum charge of R30 per month, the net amount calculated in terms of subparagraph (iv) shall be subject to a general discount or surcharge which shall be the same as the general discount or surcharge allowed to or levied on the Council for the purchase of electricity in bulk.
- (vi) The maximum kilowatt-demand figure used in the calculation of the charges payable in terms of subparagraph (ii) shall be one of the following, whichever is the highest:
 - (aa) The actual demand recorded, or
 - (bb) from a date 6 months after the date of connection or the date on which a larger connection for an increased supply is provided, 70 per cent of the maximum kilowatt demand requirement declared by the consumer when applying for a connection or an increased supply.
- (vii) Six months' formal notice of intention to reduce the supply shall be given to the engineer in writing by the consumer: Provided that for the purpose of calculating the demand charge payable in terms of subparagraphs (ii) and (vi), no such reduction of the consumer's declared maximum kilowatt demand requirement shall be taken into account during the first 18 months after the date of providing the connection or a larger connection for an increased supply.

(2) Rules applicable to Scales 2C and 2D:

- (a) The following rules shall apply to the supply of electricity in accordance with Scales 2C and 2D:
 - (i) Where a consumer's electrical installation is tested by the Council, and the kW demand is found to be less than 80 per cent of the kVA demand, the Council shall be entitled to give him written notice to improve his power factor to not less than 80 per cent within six months, failing which the Council shall replace the kW

van 12 maande aangebring. Die tarief by hierdie skaal bepaal sal gewoonweg verbruikers met 'n redelike bestendige maandverbruik en met 'n aanvraag van hoër as 40 kW, pas.

- (i) 'n Diensheffing per meter, per maand: R20.
 - (ii) 'n Aanvraagheffing per kW van die maksimum aanvraag wat oor enige agtereenvolgende 30 minute gedurende die maand geregistreer is: R2,50.
 - (iii) 'n Eenheidsheffing per eenheid van elektrisiteit verskaf gedurende die maand wat dieselfde is as die eenheidstarief wat die Raad van tyd tot tyd betaal vir die aankoop van elektrisiteit by die grootmaat.
